# GEMEENTEBULLETIN

11 OKTOBER 2020

STELLENBERG GEMEENTE

## EREDIENSTE

### IN DIE KERK

**Oggend-en-gesinsdiens om 09:00 (ook aanlyn) en 11:00 (Doop)**

Genesis 15:1-8 | Hoe verstaan ek God se beloftes? | Ds. Agenbag

**Relevant-diens om 18:00 (ook aanlyn)**

### IN DIE KAPEL

**Meditatiewe diens om 09:00**

Genesis 15:1-8 | Hoe verstaan ek God se beloftes? | Ds. Dietmann

### KYK AANLYN NA DIE EREDIENSTE

Kyk aanlyn na die oggend-en-gesinsdiens wat om 09:00 direk uitgesaai word op www.stellenberg.co.za, of ons YouTube-kanaal. Die opname van die diens is vanaf 10:00 beskikbaar en kan dan enige dag, of tyd gekyk word. Die Relevant-diens word om 18:00 direk uitgesaai en die opname is vanaf 19:00 aanlyn beskikbaar.

## ANNIBRAND JUNIORS

Graadgroepe word uitgenooi om afwisselend op ondertaande datums om 10:00 by die junior kategese-kleingroepe in die kerk in te skakel. Die byeenkomste duur vanaf 10:00 tot 10:20. Op 11 Oktober word die graad-3-en-4-groepe na die byeenkoms uitgenooi en op 18 Oktober is die graad-1-en-2-groepe aan die beurt.

## PLANTETAFEL

Ter viering van Tuindag bied die Kweek-vir-die-Here-span 'n plantetafel na die oggenddiens aan. Neem gerus 'n plant in ruil vir 'n donasie. Die pragtige verfkwasplant is een van hulle nuwe variëteite en is ook Sondag te koop.

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp met jou *naam + stemboodskap* na 083 611 4720. Jy sal dan op die verspreidingslys geplaas word en die stemboodskap daagliks op jou selfoon ontvang. Geen gemorspos nie.

### GEBEDSVERSOEKE

Stuur asb. 'n WhatsApp aan ds. René Potgieter 079 893 8104.

## STELLENBERG SE KERSVREUGDE-WINKEL

Besoek die KERSVREUGDE-winkel vanaf **28 Okt. tot 7 Nov**. In die saalkompleks.

- Weeksdae: 09:00 tot 18:00 en Saterdae: 09:00 tot 16:00.
- 130 uitstallers wat dekoritems, gebak, deliprodukte en Kersgeskenke vir die hele gesin verkoop.
- Wegneemetes, o.a. die immergewilde afval en hoenderpastei wat deur Malita Joubert, bekende spysenier van Moorreesburg, voorberei word.
- Lekker koffie, cappuccino's en iets vir die soettand.
- Daar sal heelwat sitplek buite wees indien 'n mens graag jou wegneemete op die terrein wil geniet.
- Geen toegang sonder 'n masker en alle Covid-19-protokol geld.
- Betaal asb. met krediet-, debiet-, of Kaapse verbruikerskaarte.

## WERKSWINKEL VIR BESIGHEIDSEIENAARS

Sluit op Dinsdag 20 Oktober vanaf 07:30 tot 09:00 by ons werkswinkel in die kerk aan. Tema: Hoe kap ek my pad weer oop te midde van onserkerheid in die besigheidswêreld?

Besprekings: Anneke by sos@stellenberg.co.za

Koste: R40 per persoon. Sprekers: Rudolph van Schoor en JP Cronjé.

## HERVATTING VAN EREDIENSTE

- 'n Gesamentlike oggend-en-gesinsdiens word om 09:00 in die kerk vir 250 kerkgangers aangebied en is ook aanlyn beskikbaar.
- Die meditatiewe diens word om 09:00 in die kapel vir 40 kerkgangers aangebied Die diens is nie meer aanlyn beskikbaar nie.
- Die Relevant-diens is om 18:00 in die kerk en aanlyn.
- Tee en koffie is na die dienste, buite in die teetuin, beskikbaar.
- Geen vooraf besprekings is vir enige van die dienste nodig nie.
- Die dra van maskers is verpligtend.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar by

082 854 4530.

### VOEDSELHULP

Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra, kan jy 'n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.

## 'N KERS VIR TIENDEMAAND

- Ons nooi gesinne om een wit kers per gesin te neem as 'n herinnering aan hulle tiendemaandbydrae ter ondersteuning van die gemeente se werksaamhede. Neem 'n kers wanneer jy eredienste bywoon, of haal dit by die kerkkantoor af, of skakel die kantoor by 021 976 4519 om aflewering te reël.
- Steek die kers aan saam met 'n spesiale ete, terwyl jy Bybel lees en bid, of om 'n geliefde se lewe te herdenk.
- Indien jy bereid is om in jou onmiddellike woongebied kerse aan lidmate by hulle huise uit te deel, kontak asb. vir Odette by 021 976 4519/odette@stellenberg.co.za. Ons wil graag vir soveel as moontlik van ons lidmate van 'n kers voorsien.
- Tiendemaandbydraes kan elektronies oorbetaal word na: ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, met verwysing: tiendemaand. Kontantbydraes kan in 'n gemerkte koevert in die kollektebord, of by die kerkkantoor afgegee, of in die beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor geplaas word.

*Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.*

*2 Korinthiërs 9:7*

## DOOP SONDAG 11 OKTOBER 11:00

- Jacques en Elicia Liebenberg, Wagnerweg 17, La Boheme Estate, Durbanville, laat doop vir Amélie Liebenberg.
- Robert en Leandi Fick, Stellenberg Gardens 14, laat doop vir Ninke Fick.

### NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks, asook die skakels na eredienste per e-pos, deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin en die skakel na die oggenddiens op jou selfoon te ontvang, deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.

### AANLYN ADVERTENSIEBLAD

In die Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za word produkte, verskeie dienste, woonplekke en werksgeleenthede, geadverteer. Advertensies sonder 'n foto kan teen R50 per maand geplaas word en die met 'n foto teen R100 per maand.
Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

## FINANSIËLE BYDRAES


### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kontantbydraes kan by die kerkkantoor afgegee word, of in die beveiligde posbus by kantoor se voordeur geplaas word.

### SnapScan




## GEBEDSAKSIE

Die asemskep-gebedsbyeenkoms word elke Dinsdag om 18:30 via Zoom aangebied. Stuur 'n WhatsApp aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 indien jy wil inskakel. Gebedsversoeke kan ook aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

## VOSBURG VRYDAG

Dankie aan elkeen wat saamgekuier het en 'n bydrae gelewer het tot 'n heerlike gemeentelike geselligheid. Ons vra om verskoning aan diegene wat opgedaag het en nie iets te ete ontvang het nie. Die geweldige ondersteuning het ons onkant gevang. Heelwat addisionele produkte is voorberei, maar selfs dit was steeds te min. Ons is dankbaar dat ons 'n bedrag van R31 000, wat ten volle aan die die Vosburg-gemeente oorbetaal is, kon insamel. Laastens, groot dank aan die Vosburg-komiteelede – sonder julle harde werk kon niks hiervan plaasvind nie.